Vriend

LES 4:
Vriend van my familie

(Pre-tiener les)

Skrifgedeelte: 1 Samuel 16, 17,19, 20

Doel: Dat kinders deur die lewe van Dawid kan leer dat vriendskap met familielede moontlik en noodsaaklik is en om vriendskap met familielede te kweek en koester.

Openingsaktiwiteit: Rollespel – Dawid se Oscar

Reël 'n kind vooraf om die volgende uit te beeld (act) of te lees.

Aanbieder: Het julle al ooit na 'n toekennings-seremonie gekyk? Die wenner wat gewoontlik baie emosioneel is omdat hy gewen het, bedank almal wat hom nog ooit gehelp het. Dawid sou dieselfde kon doen. Kom ons kyk wie het almal 'n rol gespeel in sy lewe.

Dawid ariveer (kind speel die rol)

Dawid gee toekennings aan sy familie omdat hulle bygedra het tot sy vorming as mens en leier.

"Eerstens wil ek my pa Isai bedank. Dankie dat pa vir my lief was, vir my gesorg het en vir my van die Here geleer het. Dankie dat pa vir my van jongs af die verantwoordelikheid gegee het om 'n skaapwagter te kan wees, want daar het ek geleer om dapper te wees, te veg en op God te vertrou. En dankie dat pa my toegelaat het om as jong seun vir koning Saul te gaan werk. Daar het ek geleer wat dit beteken om 'n goeie leier te wees.

Ek wil ook my sewe broers bedank, al het ons baie baklei net soos ander kinders. En al was hul lelik met my omdat ek die jongste was, dit het my geleer om nie 'n tjankbalie te wees nie, om 'n aanhouer-uithouer te wees en om op te staan vir myself.

Dan vir my vriend Jonatan, wat vir my soos 'n broer was. Jou vriendskap het my laat besef dat ek iemand spesiaal is. Jy het my kant gevat, my beskerm en jy was nie jaloers op my nie. Jou vriendskap het my geleer om 'n vriend vir my familie te wees.

Weereens baie dankie aan almal!"

Aktiwiteit 1:

Groepies of twee-twee kinders breinstorm oor die vraag:

Waaraan dink jy as jy die woord familie hoor?

Gee daarna terugvoering aan grootgroep.

Aktiwiteit 2:

'n TV-familie – Sewende Laan se Meintjies gesin

Grootgroep

Stap 1: Maak 'n lys van wie almal in die gesin is. (Al die karakters.)

Stap 2: Hoe pas elkeen bymekaar?

Twee-twee werk saam

Stap 3: Hoe vergelyk die TV-familie met jou familie?

Stap 4: Is hierdie familie 'n voorbeeld van hoe gesinslede teenoor mekaar behoort op te tree? Verduidelik jou antwoord.

Grootgroep

Stap 5: Terugvoering in die grootgroep (Skryf op 'n blaaibord die hoofpunte.)

Dinge wat moontlik kan uitkom uit die bespreking: Hersaamgestelde gesinne, aangenome kinders, bakleiery, probleme, eerlikheid of oneerlikheid, selfsugtigheid, bedagsaamheid of onbedagsaamheid, ens.

Familie is vir God belangrik!

Aktiwiteit 3: God se idee van familie-wees

Speel 'Swaard in skede' met die onderstaande teksverse (Kinders hou hul Bybels aan die rugkante vas. Hul arms is regop, bo hul koppe. Geen vingers binne-in die Bybels nie. Sê die teksverwysing, herhaal dit en gee dan die opdrag "Soek!" Die kind wat eerste die teksvers gevind het skree "Stop!" Die ander staak dan hul soektog en die wenner lees die vers hardop. Indien die kind nie hardop wil lees nie, kan hy iemand aanwys wat dit namens hom lees.)

Na elke teks, lig kernwaarheid uit en skryf op blaaibord neer.

Teksverse:

- Efesiërs 5:1-2
- 1 Johannes 4:19-21
- Psalm 133:1
- 1 Petrus 3:8-9
- Filippense 2:14

(Dit kan as 'n inkleurprent vir die kleiner kinders dien.)

Samevatting:

Die groep dink aan 10 maniere hoe "om 'n goeie vriend vir my familie te wees", bv.

- Bedagsaamheid
- Deur koffie te maak as ma moeg is
- Help met die skottelgoed
- Die hond se bak skoon te was
- Die bad uit te was
- My boetie kans te gee om 'n tv-program te kies.

Aktiwiteit 4 (Afsluiting)

Jy gaan nou vir jou familie 'n toekening gee vir wat hulle vir jou beteken.

(Voorsien papier en pen. Die kinders werk twee-twee saam.)

Hulle kan iets soos die volgende neerskryf:

- Aan my pa wil ek dankie sê vir...
- Vir my ouma wil ek dankie sê vir... ens.

Die wat wil, kan voorentoe kom en dit vir die groep kom lees.

Die ander kinders kan aangemoedig word om 'n waarderingsbriefie te gaan skryf en op die betrokke familielid(e) se kopkussing te gaan neersit. Almal word egter aangemoedig om aan 'n manier te dink om goed te wees vir hul familielede en dit dan te gaan doen.

VLIEGTUIGKAARTJIE NA KUSAMALA

(van sendingreis na Kusamala op bl 13)

Vul 'n versie in wat by julle KIX pas by die vlug nommer. Vul jul KIX pleknaam in die hakies waarvandaan jul gaan vlieg, asook by die vertrekdatum. Elke kind kan sy naam en graad op sy vliegtuigkaartjie invul.

KIX LUGDIENS

VLUG _____ (RETOERVLUG)

vanaf

(.....) INTERNASIONAAL na KUSAMALA INTERNAS. LUGHAWE

VERTREKDATUM VANAF _____; .....

VERTREKDATUM VANAF KUSAMALA INTERNASIONAAL: .....

NAAM: _____ GRAAD: _____ SITPLEK: J